PRODUSENTE LEWERINGS (KORING)

Vir die 2026/27 BEMARKINGSSEISOEN
27 November 2026

In week 8 (16-20 November) van die 2026/27-bemarkingseisoen is **128 473 ton koring gelewer**, wat die kumulatiewe lewerings op **809 587 ton** te staan bring. Weeklikse lewerings het met **17%** afgeneem in vergelyking met die vorige week.

Tot dusvêr is die totale koringlewerings **146 192 ton laer** as die vyfjaargemiddeld en **153 496 ton laer** as die volume wat gedurende dieselfde tydperk van die vorige seisoen (2025/26) gelewer is. Hierdie syfers dui daarop dat die huidige leweringstempo steeds agter beide die historiese gemiddelde en verlede seisoen se vlakke bly.

Weeklikse Lewerings (Koring)



TENDENSE VAN KORINGLEWERINGS

Volgens die vierde produksieskatting van die Oesskattingskomitee (NOK) word verwag dat Suid-Afrika se koringoes in die 2026/27-seisoen **1 734 580 ton** sal bereik. Tot op hede is **809 587 ton, oftewel 47%,** van die verwagte oes reeds gelewer. Om die produksievlak te bereik, sal daar oor die oorblywende **44 weke** van die bemarkingseisoen gemiddeld **20 659 ton** koring per week gelewer moet word. Gegewe dat week 8-lewerings 128 473 ton beloop het, bly die huidige leweringstempo ruim bo die vereiste gemiddelde. Dit dui daarop dat die bemarkingseisoen tot dusvêr op koers is om die verwagte produksievlak te realiseer, ondanks die afname in weeklikse lewerings namate stroopaktiwiteite begin verlangsaam.

Volledige NOK-verslag: CEC_2026-11-26.pdf



KORING OPPERVLAKTE AANGEPLANT, PRODUKSIE EN OPBRENGS

Province	**Area planted Ha 2026**	**4th forecast Tons 2026**	Area planted Ha 2025	Final crop Tons 2025
Western Cape	**330 000**	**808 500**	363 000	980 100
Northern Cape	**40 000**	**288 000**	40 000	302 000
Free State	**64 000**	**294 400**	57 000	270 750
Eastern Cape	**5 700**	**39 900**	5 500	37 950
KwaZulu-Natal	**8 400**	**51 660**	8 500	51 000
Mpumalanga	**3 100**	**20 770**	3 500	22 400
Limpopo	**25 000**	**160 000**	28 000	165 200
Gauteng	**800**	**5 200**	800	5 150
North West	**10 500**	**66 150**	11 000	70 950
Total	**487 500**	**1 734 580**	517 300	1 905 500

Suid-Afrika se koringoes word nou op **1,735 miljoen ton** geskat, 'n afname van **54 640 ton (3,1%)** in vergelyking met die vorige produksieskatting. Hierdie afwaartse aanpassing is grootliks toe te skryf aan 'n laer verwagte produksie in die Wes-Kaap, die land se vernaamste koringproduserende provinsie, waar die oes nou op **808 500 ton** geskat word. Die vooruitskatting dui op 'n aansienlik kleiner koringoes in vergelyking met vorige jare:

- 12,6% laer as die 2025/26-oes van 1,987 miljoen ton
- 16,4% onder die vyfjaargemiddelde van 2,075 miljoen ton
- 8,2% onder die tienjaargemiddelde van 1,890 miljoen ton
- Die kleinste koringoes sedert 2016/17, toe die produksie 1,457 miljoen ton beloop het.

In die geheel dui die vooruitskatting op 'n merkbare kleiner koringoes as in die vorige seisoen en een wat onder onlangse historiese gemiddeldes lê; dit weerspieël die ongunstige produksietoestande tydens die seisoen.

Vir verder inligting en navrae, kontak die Graan SA ekonomie span: Marguerite@grainsa.co.za / Cathrine@grainsa.co.za

GSA GRAIN | GRAAN